ENCEPHALARTOS

JOURNAL OF THE
CYCAD SOCIETY OF
SOUTHERN AFRICA

TYDSKRIF VAN DIE
BROODBOOMVERENIGING
VAN SUIDELIKE AFRIKA

NO. 1

MARCH/MAART 1985

ENCEPHALARTOS

JOURNAL OF THE CYCAD SOCIETY OF SOUTHERN AFRICA

TYDSKRIF VAN DIE BROODBOOMVERENIGING VAN SUIDELIKE AFRIKA

NO. 1

MAART/MARCH 1985

EDITOR/REDAKTEUR

Maans Kemp
51 Constance Road/Constanceweg 51
Broadwood
PORT ELIZABETH
6065

Tel. 041 - 323344 (H)
533121 (W)
Ext./Uitbr. 242

VOORBLAD/COVER

Encephalartos longifolius

REDAKSIONEEL

Baie mense stel in broodbome belang, maar nie almal vir dieselfde rede nie. Die belangstellendes sluit versamelaars, plantkundiges, tuinboukundiges, kwekers en natuurbewaarders in. Baie van ons se belangstellings plaas ons in twee of meer van hierdie kategorieë. Die groot uit=daging van die Broodboomvereniging is om al hierdie persone, met soms uiteenlo=pende belangstellings, tot 'n eenheid saam te snoer. Soos die Nasionale Voorsitter egter elders in hierdie uit=gawe sê, is die krag van ons Vereniging juis te vinde in die wye verskeidenheid van belangstellings.

Bogenoemde uitdaging is ook van toe=passing op ons tydskrif, ENCEPHALARTOS. Dit sal altyd die redaksionele beleid wees om die gees van "eenheid in ver=skeidenheid" uit te beeld en aan te moedig. Daar sal altyd probeer word om al ons lesers se smake en belangstellings te bevredig. Terselfdertyd sal ons egter ook daarna streef om 'n gesonde kruisbe=stuiwing tussen die verskillende belange=groepe aan te moedig. Ons is daarvan oortuig dat daar ruimte hiervoor is.

EDITORIAL

Many people are interested in cycads, but not all for the same reason. Those interested include collectors, botanists, horticulturalists, nurserymen and conser=vationists. Many of us have interests which place us in more than one of these categories. The big challenge of the Cycad Society is to combine all these persons, with sometimes differing interests, into one unit. As the National Chairman states elsewhere in this edition, however, the strength of our Society is precisely to be found in this wide variety of in=terests.

The above-mentioned challenge also applies to our journal, ENCEPHALARTOS. It will always be the editorial policy to reflect and encourage the spirit of "unity in diversity". We will always attempt to satisfy the tastes and interests of all our readers. At the same time we will strive to encourage a healthy cross-pollination amongst these different inte=rest groups, however. We are convinced that there is scope for this. Collectors' collections will mean so much more to them

REDAKSIONEEL

-VERVOLG-

Versamelaars se versamelings kan vir hulle soveel meer beteken as hulle vol= doende plantkundige kennis het, en as hulle plante volgens tuinboukundige riglyne aangeplant is. Die kweker be= hoort nie net ook 'n versamelaar en plant= kundige te wees nie, maar kan, saam met ander versamelaars, betekenisvolle by= draes tot die plantkunde en die tuinbou= kunde lewer. En almal wat broodbome lief het, sal tog wil saamwerk om te verseker dat ons pragtige broodboomspe= sies ook in die natuur behoue bly, sodat ons kinders ook die genot sal kan smaak om broodbome te kan sien, daar waar hulle gebore is en waar hulle voorouers gestaan het, oor miljoene jare.

Om hierdie doelstellings te bereik, sal ons almal moet saamwerk. U as leser word uitgenooi en aangemoedig om aktief by ENCEPHALARTOS betrokke te raak. 'n Kort artikel of storie, 'n koerantuitknip= sel, 'n brief, 'n vraag oor 'n broodboom= probleem, 'n wenk oor die bestryding van peste, 'n foto van 'n broodboom, 'n voorstel t.o.v. die verbetering van die tydskrif - enigiets van u kant af sal ons help om ENCEPHALARTOS werklik ons almal se tyd= skrif te maak. Baie dankie alreeds aan almal wat bygedra het om hierdie eerste uitgawe moontlik te maak.

Graag wil ons ook baie dankie sê aan Cyril Manthe wat die inisiatief geneem het om 'n nuusbrief vir broodboomversa= melaars uit te gee. Hy het pionierswerk verrig. Saam met Adrian van Rensen het hy 'n standaard daargestel wat ons onge= lukkig, weens finansiële redes, nie in alle opsigte kan handhaaf nie. Die feit dat ons 'n hele paar eienskappe van Cyril en Adrian se nuusbrief in ENCEPHALARTOS behou het, moet as 'n kompliment beskou word.

Laastens; ons, en die Broodboomvereni= ging as geheel, erken met dank die finan= siële bydrae deur Associated Plastic Sales tot die posgeld-onkoste van hierdie uitgawe van ENCEPHALARTOS. Ons verwys graag ons lesers na die ingeslote pryslys van hierdie firma se produkte.

EDITORIAL

-CONTINUED-

if they have sufficient botanical know= ledge, and if their plants have been planted according to horticultural guide= lines. The nurseryman should not only also be a collector and a botanist, but could, together with other collectors, make meaningful contributions to botany and horticulture. And everyone who loves cycads, would surely want to co-operate to ensure that our beautiful cycad species are conserved in nature, so that our children will also be able to experience the joy of seeing cycads where they were born and where their ancestors had stood, through millions of years.

We will all have to co-operate to achieve these objectives. You as reader are invited and encouraged to become actively involved in ENCEPHALARTOS. A short article or story, a newspaper cutting, a letter, a question about a cycad problem, a hint on the combatting of a pest, a photograph of a cycad, a suggestion for the improvement of the journal - anything from you will help to really make ENCEPHALARTOS a journal for all of us. Thanks very much already to all those who have contributed to make this first edition possible.

We would also like to thank Cyril Manthe who has taken the initiative to publish a newsletter for cycad collectors. He has performed pioneer work. Together with Adrian van Rensen, he has established a standard which we can unfortunately, for financial reasons, not maintain in all respects. The fact that we have retained quite a few characteristics of Cyril and Adrian's newsletter in ENCEPHALARTOS, should be regarded as a compliment.

Finally; we, and the Cycad Society as a whole, gratefully acknowledge the finan= cial assistance from Associated Plastic Sales towards the mailing costs of this edition of ENCEPHALARTOS. We refer our readers to the enclosed price-list of the company's products.

PROFILE PROFIEL

ROY OSBORNE: NATIONAL CHAIRMAN

Roy Osborne, founder and first national Chairman of our Society, was born in Hornchurch, United Kingdom in 1944 and came to South Africa with his parents at the age of four to settle in the Cape. After matriculating at Grey High School in Port Elizabeth, he ob= tained a B.Sc. degree with Honours in Botany at Rhodes University. Roy then worked in Zimbabwe prior to moving to Durban, where he started a chemical consultancy firm. After a spell of six months in New York, he obtained his present post as chemistry lecturer with the University of Natal. He was recent= ly awarded an MSc. degree for the disco= very of jessic acid, an unusual chemical compound found in the leaves of certain Combretum trees.



Roy's interests include flying - he has a private pilots' licence - and all forms of gardening and horticulture. "I used to collect bromeliads until our pet dog developed a passionate appetite for them, then switched to cycads," he says. "My greatest satisfaction comes from growing cycads from seed."

The family has several connections with the horticultural trade. Roy's wife, Angela, is the daughter of Ray & Joyce Williams of the Gardeners' Centre in Bulawayo, while his brother Max of Osborne's Nursery is well-known in the Port Elizabeth area. Roy & Angela have four children, the eldest of whom has already started a small cycad collec= tion.

NATIONAL COMMITTEE/ NASIONALE KOMITEE

CHAIRMAN/VOORSITTER

Roy Osborne - Durban

SECRETARY TREASURER/
SEKRETARIS - TESOURIER

Douglas Goode - Durban

NATAL CHAIRLADY/NATALSE VOORSITSTER

Cynthia Giddy - Umlaas Road/Weg

TRANSVAAL CHAIRMAN/
TRANSVAALSE VOORSITTER

David Hardy - Pretoria

CAPE CHAIRMAN/KAAPLANDSE VOORSITTER

Maans Kemp - Port Elizabeth

ADDITIONAL MEMBER/ADDISIONELE LID

Piet Vorster - Stellenbosch

HAVE YOU HUGGED YOUR CYCAD TODAY?

DIE VOORSITTER SÊ SY SÊ

Aangesien dit die eerste uitgawe van ons tydskrif is wat onder die volle beheer van die Vereniging verskyn, is dit gepas om ons opregte dank aan CYRIL MANTHE en ADRIAN VAN RENSEN oor te dra vir die entoesiasme wat hulle vroeëre nuusblaaie, "For the South African Palm & Cycad Collector", vir ons Vereniging uitgelok het. Ons beste wense gaan aan hulle "Suid-Afrikaanse Palmvereniging". Ons vertrou dat ons organisasies sal voortgaan om saam te werk op gebiede van gemeenskaplike belang.

Graag spreek ek ons dank uit teenoor MAANS KEMP wat met dié uitgawe die taak van redakteur oorneem. Die publikasie van 'n tydskrif is geen geringe taak nie. Versoeke sal voortdurend aan u gerig word vir u aktiewe bydraes - 'n kort nota oor enige onderwerp van belang, 'n swart-en-wit foto van u gunsteling-broodboom, 'n brief aan die redakteur insake enige punte vir bespreking, of 'n probleem waarop 'n antwoord verlang word - dít is waarvoor die tydskrif daar is.

VERENIGING SE BELEID

Met die ingang van die nuwe jaar, is dit ook gepas om die oogmerke van die Brood=boomvereniging uiteen te sit:

1. Bevordering van alle aspekte van die bewaring van Suid-Afrikaanse brood=boomspesies.
2. Aanmoediging van die voortplanting van broodbome.
3. Reëlings vir die uitruil tussen lede van stuifmeel, saad, saailinge en plante van verskillende broodboom=spesies.
4. Bevordering van botaniese navorsing oor broodbome.
5. Verspreiding van inligting aangaande broodbome.

Elkeen van bogenoemde punte is belangrik; ons is nie net 'n versamelaarsklub of 'n bewaringsvereniging nie, ons publikasie is ook nie 'n wetenskaplike tydskrif nie. Ek voel dat die krag van ons Vereniging te vinde is in die wye verskeidenheid van belangstellings en dat gesonde kruis=teelt ons resep vir sukses is.

LIDMAATSKAP

Entoesiasme vir die Vereniging groei steeds. Aan die einde van 1984 was die ledetal soos volg:

Transvaal	48
Kaap	43
Natal	41
O.V.S.	2
Swaziland	1
Zimbabwe	1
V.S.A.	3
Totaal	139

(Teen druktyd was die totaal 207 - Red.)

Verwittig asseblief u broodboomvriende van die Vereniging. Meer lede en meer aktiewe lede beteken 'n meer suksesvolle Vereniging.

FINANSIëLE VERSLAG

INKOMSTE EN UITGAWES VIR 1984

INKOMSTE	R912,50
Bydraes	902,50
Donasies	10,00
UITGAWES	R684,99
Drukwerk	410,78
Posgeld	195,87
Skryfbehoeftes	78,34
OORSKOT, INKOMSTE OOR UITGAWES	R227,51

BALANSSTAAT VIR 1984

KAPITAAL AANGEWEND	R286,68
Oorskot, inkomste oor uitgawes	227,51
Huidige Debiteure	59,17
AANWENDING VAN KAPITAAL	R286,68
SA Perm.-Bouvereniging	246,68
Kontantsaldo	40,00

DIE KOMENDE JAAR

Die komende jaar sal vir ons almal 'n uit=daging wees. Die veeleisende taak van die publikasie van die tydskrif is egter in bekwame hande en uitstappies is al=reeds deur twee streke vir 1985 beplan. U Komitee sal aandag gee aan die ont=wikkeling van 'n aktiewe broodboomsaad=bank in noue samewerking met ons suster=verenigings in die VSA, Australië en Nieu-Seeland. Ons sal voortgaan om positief met die Provinsiale Natuurbe=waringsowerhede en die Regering se Departement van Landbou in Pretoria te skakel. Verskeie opwindende navorsings=projekte is in die vroeë beplanning=stadiums en kan moontlik belangrike wetenskaplike vooruitgang tot gevolg hê. In die geheel gesien, is 'n besige tyd in die vooruitsig. Ons vertrou ook dat dit 'n suksesvolle jaar vir broodbome sal wees.

Broodboomgroete
Roy Osborne
VOORSITTER

BURNING ISSUE INVESTIGATED

Many cycad species are found in grassland areas which are subject to intermittent deliberate or accidental burning. The effect of these burning regimes on the cycads is certainly harmful as far as the regeneration of young plants is concerned; small seedlings just cannot survive the scorching. This may explain why the plants are so often found in the protection of rocky outcrops. But the effect on mature plants is debatable - it may be possible that occasional burning stimulates leaf growth or, more significantly, the coning frequency. This question is being investigated by Michael Huntley, Nick King and Roy Osborne on the farm "Winter's Valley" at the con=fluence of the Umkomaas and Ncwadi rivers in the Natal Midlands. The Society acknowledges the kind co-ope=ration and interest of Mr George Laurens, the farm owner, in this regard.

The study so far has consisted of a complete mapping of the cycad popula=tion (E. ghellinckii) on the farm, with details of trunk diameters and length, sex and coning being recorded for each plant. The 1984 summer coning was particularly vigorous - due possibly to the breaking of the drought in Natal or to the previous burning in winter 1983. The team also noticed the total absence of curculionid beetle activity at the time of coning, a point which may indi=cate that this species is entirely wind pollinated.

Plans are in hand to burn only part of the veld next winter and thus to keep a 'control' unburnt area. Measurements and observations will be continued thereafter to see if any significant differences appear between the burnt and the control groups. Who knows - we might yet advise readers to set fire to all their plants!

Any members with any specific informa=tion about this burning issue are asked to write to Roy Osborne with de=tails.

MAYOR'S DREAM COMES TRUE

The city council of Beacon Bay, near East London, has decided to establish a cycad garden. The council recently accepted a proposal to this effect put forward by the Mayor, Mr Cyril Manthe, who is a well-known cycad and palm enthusiast and who has been the editor of "Newsletter of the South African Cycad Collector", forerunner of ENCEPHALARTOS.

The cycad garden will probably be es=tablished behind the clinic buildings, next to the police station, a position which should provide sufficient security for the collection. Mr Manthe said at the council meeting that the man in the street should be given the opportunity to study and appreciate the cycads. He told the meeting that he was in a position to negotiate the purchase of an esta=blished cycad collection. He was con=fident that, once the garden had been established, donations to the garden would be made by people interested in the conservation of cycads.

The total cost of the project is esti=mated at R10 000 and the council will now investigate the siting, funding and development of the project.

FOCUS ON... FOKUS OP ...

In every edition of ENCEPHALARTOS the spotlight will fall on one South African cycad species in the form of an indepth article in layman's language. In this first edition we appropriately focus on the first South African cycad to be "discovered" by botanists:

ENCEPHALARTOS LONGIFOLIUS

deur MAANS KEMP

INLEIDING

Encephalartos longifolius beklee 'n spesiale plek tussen Suid-Afrikaanse broodbome. Dit is nie net die eerste van ons broodbome wat deur botaniste teëgekom, versamel en beskryf is nie, maar dit is ook die Suid-Afrikaanse spesie wat die verste suid voorkom. Daarby word dit deur almal beskou as een van ons aantreklikste en indruk= wekkendste broodboomsoorte.

EERSTE KENNISMAKING

E. longifolius is botanies ontdek deur die man wat later bekend sou staan as die vader van Suid-Afrikaanse plant= kunde: Carl Peter Thunberg. Thunberg was 'n student van die beroemde Carl Linnaeus, professor in plantkunde aan die Universiteit van Uppsala, Swede. In April 1772 het Thunberg in die Kaap van Goeie Hoop aangekom om die Suid-Afrikaanse plantegroei te bestudeer en om plante te versamel. Hy was 28 jaar oud toe hy hier aangekom het en hy het drie jaar vertoef; tot Maart 1775.

CARL PETER THUNBERG

FRANCIS MASSON

Gedurende sy verblyf aan die Kaap het Thunberg drie groot reise onderneem. Op sy langste reis, later in 1772, is hy vergesel deur Francis Masson wat hy aan die Kaap ontmoet het. Masson, 'n Skot, was 'n tuinier by die Koninklike Tuin te Kew in Engeland. Hy is deur sir Joseph Banks, wetenskaplike raad= gewer van Kew, na die Kaap gestuur om plante en saad vir die tuine te ver= samel. Masson het in Oktober 1772 aan die Kaap geland en hy het hier gebly tot in 1774.

Thunberg en Masson het saam ooswaarts vanaf die Kaap die Goeie Hoop gereis, langs die Langeberge en die Outenie= kwaberge, deur die Langkloof, oor die Gamtoosrivier tot by die huidige Coega, ongeveer 25 km noord-oos van waar Port Elizabeth nou is.

Gedurende hierdie reis het Thunberg en Masson die broodboom raakgesien, naby die "Zeekoe"-rivier, waarskynlik in die omgewing van die huidige Karee=douw. Hy het dit as volg beskryf: "The Bread tree Zamia caffra is a species of palm, which grows on the hills, below the mountains, on these tracts. It was of the height and thickness of a man at most, very much spread, and single. I have sometimes seen from one root, two or three stems spring .... I observed that the tree stood in dry sterile places and grew slowly." Thunberg het ook op sy reis nog 'n broodboom raakgeloop: die spesie wat nou E. caffer heet. Hy het egter gedink dat dit die kleintjies van die groot broodboom was.

Thunberg en Masson was die eerste persone wat botanies in die broodbome belang gestel het, maar nie die eerstes wat van hulle bewus was nie. Die destydse plaaslike inwoners, die Hottentotte, het ook in die broodbome belang gestel, maar vir 'n ander rede wat as volg deur Thunberg beskryf word: "It is out of the pith (medulla) of this tree that the Hottentots contrive to prepare their bread. For this purpose, after scooping out the pith, they bury it in the earth and leave it there for a space of two months to rot, after which they knead it, and make it into a cake, which, in their usual slovenly and filthy manner, they slightly bake in the embers." Thunberg was klaarblyk=lik nie baie beïndruk met die Hottentotte en hulle kookkuns nie!

Masson het van die geleentheid gebruik gemaak om een van die broodbome uit te haal om na Kew te stuur. Dieselfde plant floreer nog steeds in 'n houer in 'n kweekhuis in Kew, 213 jaar later.

Encephalartos caffer. Thunberg het gedink dit is die kleintjie van die groot brood=boom (E. longifolius) wat hy raakgeloop het.

NAAMGEFPROBLEME

E. longifolius het al meer name gehad as enige ander Suid-Afrikaanse broodboom. Toe Thunberg dit die eerste keer gesien het, het hy nie keëls gesien nie en aangeneem dat dit 'n soort palm was, wat hy toe Zamia caffra gedoop het. Later, na sy terugkeer na Swede, het hy dit Cycas caffra genoem. Dit moet egter onthou word dat hierdie naam, en die beskrywing wat hy van die plante gegee het, op die huidige E. longifolius sowel as die huidige E. caffer van toe=passing was.

In 1809 het Jacquin die spesie Zamia longifolia gedoop en terselfdertyd ook 'n spesie, Z. lanuginosus, beskryf. Laas=genoemde is later tot E. longifolius gereduseer. In 1834, toe hy die genus=naam Encephalartos geskep het, het Lehmann slegs Thunberg se naam C.caffra na E. caffer verander. In 1933 het J. Hutchinson en G. Rattray die twee betrokke spesies finaal onderskei as E. longifolius en E. caffer.

Die gesegde "all's well that ends well", is egter van toepassing in hierdie geval. Die spesie-naam "longifolius", wat die Latyn vir "lang blare" is, is 'n baie gepaste naam vir hierdie pragtige brood=boom met sy lang groen blare.

VERSPREIDING

E. longifolius kom voor vanaf die Kouga=berge, 'n paar kilometer wes van Jouber=tina in die Langkloof, ooswaarts deur die Humansdorp-distrik en die Elandsberge tot by die Van Stadensrivier, wes van Port Elizabeth. Verder noord kom dit voor in die Groot Winterhoekberge en ooswaarts tot in die omgewing van Uitenhage. Nog verder noord verskyn dit weer in die Klein Winterhoekberge, wes van Kirkwood, en strek ooswaarts deur die Suurberge tot in die omgewing van Grahamstad en noordwaarts tot in die Somerset-Oos-omgewing.

E. longifolius is 'n gevestigde inwoner van sy omgewing. Die fossiel-oorblyf=sels van breëblaarbroodbome, Zamites recta, word gevind in die Gamtoos- en Sondagsriviervalleie, naby die plekke waar E. longifolius nou nog voorkom. Volgens die beroemde Suid-Afrikaanse geoloog, prof. Alec du Toit, kan Zamites recta vergelyk word met E. longifolius.

Dit is interessant dat E. longifolius, wat die Suid-Afrikaanse broodboom is wat die verste wes voorkom, gevind word in die oorganggebied tussen die somer- en winterreënvalstreke. Al die ander spesies groei in die somerreënvalstreke. Volgens dr. Dyer is dit moontlik dat hierdie westelike grens ook verband kan hou met veldbrande. Die meeste brood=bome is onderhewig aan periodieke veld=brande en volwasse plante word beskerm deur die laag harde blaarbasisse om die stam. Dit is moontlik dat hierdie be=skerming nie voldoende is teen die meer intense vuur in die fynbos-tipe plante=groei van die Suid-wes-Kaap nie. In hierdie tipe plantegroei brand die vuur hoër bo die grond en ook langer as in die grasveldstreke en is die plante dus onderhewig aan hoër temperature oor langer tye. Die westelike broodboom=grens kan dus ook verband hou met die oorgang na fynbosplantegroei.

E. longifolius groei in 'n verskeidenheid habitatte met relatief groot verskille in reënval en topografie. Dit verkies klaarblyklik die suur grond wat met die Tafelbergsandsteen van die Kaap-sisteem geassosieer is. Verder groei dit altyd op plekke met goeie dreinering, ge=woonlik teen die hange van heuwels en berge. Op baie plekke, soos in die Suurberge en in dele van die Kougaberge en die laerliggende dele van die Humansdorp-distrik, groei die plante in oop, grasveldagtige plekke. Op ander plekke, bv. by Van Stadens en dele van die Kougaberge, groei dit tussen tipiese fynbosplantegroei, terwyl dit verder noord, bv. by Perdepoort, tussen Karoo-tipe plantegroei voorkom.

Die jaarlikse reënval in die versprei=dingsgebied wissel van 1250 mm in die suide tot so min as 300 mm in die noordelike dele. Wat hoogte bo see=vlak betref, is die kontras net so groot. In die Humansdorpdistrik groei E. longifolius teen die hange van lae heuwels, 200 meter bo seevlak, terwyl dit hoog teen die Cockscombberg voorkom op hoogtes van 1500 meter. Op plekke groei dit in vrugbare grond, terwyl dit in die Kougarivierkloof en ander klowe teen feitlik loodregte kranse hang.

BESKRYWING VAN PLANT

1. STAM

E. longifolius het lang, swaar stamme. Weens die rotsagtige of klipperige aard van die grond waarin hulle groei, is

die stam gewoonlik heeltemal bogronds. Stamme kan so lank as 4,5 meter word en die deursnee soveel as 45 cm. Die stam is gewoonlik onvertak, alhoewel vertakte stamme soms voorkom, waarskynlik as gevolg van skade aan die groeipunt. Meer as een stam uit dieselfde basis is egter meer algemeen. In die veld, sowel as in die tuin, vorm suiers soms aan die basis van 'n volwasse plant en ontwikkel dan in 'n aparte stam. Soms gebeur dit reeds in die saailingstadium, sodat 'n plantjie met twee ewe groot stammetjies ontstaan. In baie ou plante is die blaarbasisse onder-aan die stam deur die gewig van die stam sodanig saamge= pers dat hulle nie onderskei kan word nie.

Stamme van ou plante is soms krom en groei soms ook skuins. Teen die wande van kranse groei stamme soms byna horisontaal.

'n Jong plantjie van E. longifolius wat reeds 'n tweede stammetjie het

'n Voorbeeld van E. longifolius met 'n effense krom stam

2. BLARE

Die lang blare wat aan E. longifolius sy naam gegee het, is een tot twee meter lank. Die hoofas van die blaar is grasieus gekrul, veral langs die laaste derde. Die puntjie krul soms skerp terug na onder. Die hoofas is liggeel in ouer blare maar groen in jong blare. Die blaarsteel is 30 to 35 cm lank, maar soms heelwat korter, en is kaal, sonder stekels. Die blaarbasis is redelik groot en dieselfde kleur as die hoofas in jong blare. In ou blare het dit gewoonlik 'n geel tot grys rand.

Die blaartjies wissel in kleur van 'n glansende donkergroen, deur liggroen en geelgroen, tot 'n blougroen (die sogenaamde "blou" vorm). Die blou-groen plante word gevind in droër gebiede. Daar is nog twyfel of hierdie "blou" kleur standhou= dend is indien die plant in natter toe= stande geplant word. Daar is aandui= dings dat die eerste paar blaarkrone die blou-groen kleur behou maar dat die kleur later na groen verander.

Die blaartjies, sowel as die hoofas, is met fyn haartjies bedek in jong blare. Ouer blare is egter glad. Die blaartjies verskil baie in grootte en vorm oor die lengte van die hoofas. Dié teen die middel van die hoofas is tot 20 cm lank en tot 4 cm breed, maar gewoonlik 2 tot 3 cm. Nader na die blaarpunt en die blaarbasis word die blaartjies kleiner. In die rigting van die basis word dit egter nooit 'n reeks stekels soos in som= mige ander soorte nie. Hoogstens twee stekels kom soms voor. Die punte van die blaartjies wissel van stomp en gerond tot naaldskerp. Dit lyk of hierdie eienskap verband hou met die lokaliteit. Plante in die Suurberge se blaartjies het blykbaar meer geronde punte, terwyl dié in die Kougaberge en die Humansdorp-distrik skerp punte het. Die rande van die blaartjies is ge= woonlik glad, alhoewel een tot drie tandjies soms aan die onderste rand voorkom, meestal aan die blaartjies nader aan die punt van die blaar. Hier= die tandjies kan ook stomp of skerp wees.

Die blaartjies is só op die hoofas ge= rangskik dat hulle 'n V vorm wat smal is naby die blaarpunt en wyer naby die basis. Die blaartjies oorvleuel op= waarts naby die punt van die blaar.

Daar is gewoonlik 'n groot hoeveelheid blare aan 'n volwasse plant in die veld, wat wissel van jong groen blare tot ou, bruin, dooie blare wat tot teen die stam hang. Dr. Dyer wys daarop dat die blaarkroon soms sambreelvormig is, baie soos dié van E. woodii.

'n Baie groot voorbeeld van E. longifolius

3. KEËLS

E. longifolius dra een tot drie keëls. Sy keëls is die grootste van alle Suid-Afrikaanse broodbome. Vroulike keëls word 60 cm lank en 40 cm in deursnee met 'n massa van tot 30 kg. 'n Geval van 'n keël met 'n massa van 40 kg is bekend. Manlike keëls bereik 'n lengte van 60 cm met 'n deursnee van 15 tot 20 cm. Die keëls is sittend of het 'n baie kort steel en is min of meer eiervormig. Die vroulike keëls word skerper na bo en die skubbe gepunt. Soms eindig hierdie boonste skubbe in klein blaartjies; 'n bewys dat die keël= skubbe aangepaste blare is. Hierdie verskynsel is deur die skrywer waarge= neem by 'n plant in 'n tuin te Oesterbaai, naby Humansdorp.

Die kleur van die keëls is bruin-groen met rooierige haartjies op die oppervlak. Die puntjie van die middelste skubbe van die vroulike keël staan ongeveer 2 cm bo die oppervlak uit en die skub-opper= vlakte is gerimpel. In die manlike keël steek die puntjie van die skub ook ongeveer 2 cm uit by die middel van die keël.

Die middelste vroulike skubblare is ongeveer 8 cm lank, 6 cm breed en 4 cm dik, met twee prominente saadknoppe. Die middelste manlike skubbe is onge= veer 4 cm lank en 4 cm breed by die breedste kant. Die onderste oppervlak is byna geheel en al met stuifmeelsak= kies bedek, met net 'n randjie buite-om.

Die manlike skubbe kom in 'n groot aantal spiralige rye voor. By die vroulike keël is daar minder spirale.

Die vars saad se omhulsel is rooi van kleur. Die saad self is ongeveer 5 cm lank en 3 cm in deursnee, afhangende van waar op die keël dit voorkom.

VERBASTERING

E. longifolius se voorkomsgebied oorvleuel baie min met die van ander spesies. In Perdepoort groei dit redelik naby E. lehmannii maar geen voorbeelde van ver= bastering is hier bekend nie. Naby Uitenhage groei E. longifolius egter naby plante van E. horridus en kruisings tussen die twee is gevind. Kenmerke wat dui op 'n mengsel van dié van albei ouer- spesies kom in die blare en die keëls voor. So kom ongetande blaartjies by= voorbeeld voor tussen blaartjies met die lang, skerp tande wat so tipies van E. horridus is.

GROEITEMPO

Soos alle broodbome, groei E. longifolius stadig. Min is egter oor die presiese groeitempo in die natuur bekend. Daarby sal die groeitempo noodwendig afhang van die vrugbaarheid van die grond waar die plante groei, asook van die reënval= patroon.

Die plant wat in 1772 deur Francis Masson uitgehaal is, is in 1775 by Kew in 'n houer geplant en groei sedertdien in ideale omstandighede in 'n kweekhuis. Toe dit geplant is, was die punt van die stam min of meer op grondhoogte. In 1822 het dit 'n hoogte van 30 cm bereik, in 1848 90 cm, in 1908 240 cm en in 1960 330 cm. Dit moet in ag geneem word dat die plant aan die begin stadiger moes gegroei het omdat dit nuwe wortels moes vorm en by die nuwe omstandighede moes aanpas. As die groei vanaf 1822 tot 1960 in bere= kening gebring word, naamlik 300 cm in 138 jaar, dui dit op 'n gemiddelde groei van ongeveer 2,2 cm per jaar, in ideale omstandighede.

GIFTIGHEID

Daar is geen giftige stowwe in die stam of die blare van E. longifolius nie, en waarskynlik ook nie in die vlesige omhulsel van die saad nie. Die inhoud van die saad is egter eksperimenteel getoets en uiters giftig bevind. Hierdie eienskap het byna 'n dramatiese uitwerking op die Suid-Afrikaanse geskiedenis gehad, toe Generaal J.C. Smuts, latere Eerste Minister van Suid-Afrika, gedurende die Anglo-Boereoorlog byna aan vergiftiging gesterf het toe hy en sy kommando, ge= durende 'n tog na die Kaapkolonie, die sade van E. longifolius in die Suurberge geëet het. (Sien die artikel, "One Man's Poison", elders in hierdie uitgawe.)

Daar is gevalle bekend van beeste wat dood is en waar half-verteerde sade van E. longifolius in hulle mae gevind is. Die gif affekteer blykbaar hoofsaaklik die lewer.

PLANTE IN DIE TUIN

E. longifolius is 'n pragtige plant in die tuin. Dit groei redelik maklik en die altydgroen groot blare kan baie bydra om 'n tuin aantreklik te laat lyk. Soos alle broodbome, vereis dit goed-gedrei= neerde grond. Dit verkies 'n effens suur, vrugbare grond en genoeg water, alhoewel dit droogte baie goed kan weer= staan.

Die plante kan in ligte skaduwee of in volle son geplant word. Dit is nie baie goed teen ryp bestand nie en behoort in rypgebiede in meer beskermde dele van die tuin geplant te word.

E. longifolius kan maklik van saad ge= kweek word en die saailinge groei relatief vinnig. 'n Vyfjaar-oue saailing kan reeds sy plek in die tuin volstaan. 'n Klein plantjie wat die skrywer gekry het toe sy stammetjie ongeveer 3 cm in deur= snee was en wat toe twee klein blaartjies, ongeveer 15 cm lank gehad het, het binne agt jaar gegroei tot 'n plantjie met 'n stamdeursnee van ongeveer 15 cm en 'n krans blare, 50 cm lank.



E. longifolius lyk pragtig in die tuin

BEWARING

E. longifolius word volgens die natuur=bewaring-ordonnansie van Kaapland as 'n beskermde plant geklassifiseer. Dit beteken dat plante, met die toestemming van die grondeienaar, uit die natuur verwyder mag word. Dit mag egter nie verkoop of uit die provinsie uitgevoer word sonder 'n permit nie en dit mag ook nie gekoop word van iemand wat nie 'n permit het nie.

Weens hulle gesogtheid as tuinplante, is baie volwasse plante uit die natuur verwyder, en hulle kan nou in privaattuine, sowel as in munisipale parke en tuine gesien word.

Die plantbevolkings in meer toegankelike gebiede, veral dié naby hoofpaaie, is baie uitgedun. Baie van die plante groei egter op plekke waar selfs die mees energieke en gedetermineerde versamelaar nie 'n kans het om by hulle te kom nie. Op sommige van hierdie plekke groei hulle in relatief groot getalle en is hulle voortbestaan dus verseker.

E. longifolius kom voor in amptelike bewaringsgebiede, waar hulle dus bykomende beskerming geniet. So groei baie plante in gebiede wat deur die Departement Bosbou beheer word, byvoorbeeld in die Kougaberge, die Baviaanskloofberge, die Elandsberge, die Groot-Winterhoekberge en die Suurberge. Naby Port Elizabeth word hulle beskerm in die Van Stadens-natuurreservaat wat onder die Afdelingsraad Dias ressorteer.

E.longifolius word op 'n redelike groot skaal deur kwekers van saad gekweek en plantjies is beskikbaar. Dit lyk dus asof in die behoeftes van versamelaars en tuinliefhebbers voorsien sal kan word, sonder dat die voortbestaan van die spesie bedreig word.

Dit is 'n gerusstellende gedagte dat toekomstige reisigers in die wilde plekke, net soos Carl Thunberg meer as twee eeue gelede, steeds verwonderd sal kan staan by 'n majestieuse voorbeeld van die broodboom met die lang blare; E. longifolius.

BIBLIOGRAFIE

- Dyer, R.A. "The Cycads of Southern Africa", in Bothalia, Vol.8, Deel 4, 1965
- Dyer, R.A. en I.C. Verdoorn, "Zamiaceae", in Flora of Southern Africa, Vol. 1, 1966
- Giddy, C., Cycads of South Africa, 1974
- Henderson, M.R., "Materials for a revision of the South African species of Encephalartos", in The Journal of South African Botany, Vol. 11, 1945
- Hutchinson, J. en G. Rattray, "Cycadaceae", in Flora Capensis, Vol. 5, Afd. 2, 1933
- Jessop, J.P., "Some Botanists and Botanical Collectors associated with Southern Africa", in Lantern, Vol. 13, No. 1, September 1963
- Palmer, E. en N. Pitman, Trees of Southern Africa, Vol. 1, 1972
- Pearson, H.H.W., "The Kirstenbosch Cycads", in The Journal of the Botanical Society, Deel 2, 1916
- Rourke, J.P., Die Proteas van Suider-Afrika, 1980

STUKKIES EN BROKKIES

BITS AND PIECES

CHAIRMAN NEEDS HELP

With the continuing growth of the Cycad Society, the administrative workload is becoming rather more than one person can easily handle. Roy Osborne, our National Chairman, wants to know if anyone in the Durban area would be prepared to help with some of the routine administrative work of the Society. Persons with typing/copying/printing facilities would be especially welcome. Tweetaligheid sal ook baie help. Please phone Roy at Durban 866953 if you can offer any assistance.

OUTSTANDING MEMBERSHIP FEES

Membership fees (R10,00 for ordinary members; R5,00 for scholars/full-time students/pensioners) for 1985 were due on 1 January 1985 and notices have been sent to all members. Members who have not yet paid their dues must please do so as soon as possible. Your kind co-operation will be appreciated.

UITSTAANDE LEDEGELD

Ledegeld (R10,00 vir gewone lede; R5,00 vir skoliere/voltydse studente/pensioenarisse) vir 1985 was betaalbaar op 1 Januarie 1985 en kennisgewings is aan alle lede gestuur. Lede wat nog nie ledegeld betaal het nie, moet dit asseblief so gou as moontlik doen. U vriendelike samewerking sal waardeer word.

MEMBERSHIP APPLICATION

Prospective members are invited to complete and return the application form at the end of this publication.

AANSOEK OM LIDMAATSKAP

Voornemende lede word genooi om die aansoekvorm aan die einde van hierdie publikasie te voltooi en terug te stuur.

R50,00 COMPETITION

If you are in the fortunate position to have a R50,00 note to flip around, flip over to the reverse side and try to identify the cycad represented by the artist. No prizes for the correct entry, but the answer will be announced in the next newsletter.

OUR OWN EMBLEM

Readers are invited to send us ideas or drafts for an emblem or logo for our Society. The emblem should preferably be distinctive and simple, and should effectively symbolise our goal: uniting cycad lovers. We look forward to hearing from you.

DYER AND VERDOORN - LIFE MEMBERS

The Cycad Society is very pleased to announce the acceptance of Honorary Life Membership of the Society by two distin=guished South African botanists, well-known to cycadophiles world-wide: Dr Robert Allen Dyer and Dr' Inez Clare Verdoorn. Our gesture was made as a modest token of goodwill for their life=long dedicated service to South African botany and to the taxonomy of cycads in particular.

Dr Dyer was born in Pietermaritzburg in 1900 and was educated at Michaelhouse and Natal University College, where he obtained M.Sc. and D.Sc. degrees. He worked at the Schonland Botanical Labo=ratories (Grahamstown), the Royal Botanic Gardens (Kew) and subsequently became Chief and later Director of the Botanical Research Institute in Pretoria. His work is vast: he started the official botanical surveys, founded the Pretoria National Botanic Gardens and initiated work on the Flora of South Africa. He has published very extensively in the field of plant taxonomy, including the first major collective publication on the South Africa cycads (Bothalia, 1965 - see separate feature 'From the Bookshelf'). Dr Dyer is the author of the following Encephalartos species: E. inopinus, E. princeps, E. trispinosus, E. arenarius, E. umbeluziensis, E. cupidus and E. heenanii. Since his retirement in 1963 he has continued work in this field.

